# HOËRSKOOL WONDERFONTEIN

Gauteng Departement van Onderwys / Gauteng Department of Education : D2

☎ (018) 787-4063/4
FAX (018) 786-3470
epos/email: wonder@lantic.net

H/v. Vegkop- en Bloukransstraat
Cnr. Vegkop & Bloukrans Streets

Privaatsak/Private Bag X2042
OBERHOLZER
2502


# Gedragskode vir Leerders van Hoërskool Wonderfontein High School

Ek, ___________________________________________ aanvaar en neem kennis van die skool se gedragskode en stem daartoe in om die reëls en regulasies van Wonderfontein te volg en daardeur kwaliteit onderrig, goeie bestuur en die veiligheid van alle aandeelhouers te verseker.

Ek neem kennis daarvan dat ek bewus is van alle beleide genoem in die dokument en die beleide sal volg.

______________________ ____________________

Leerderhandtekening: Datum:

---

Ek, _____________________________________ , ouer/voog van die bogenoemde leerder sal seker maak dat my kind homself/haarself sal gedra volgense die gedragskode en verstaan dat die beleide daar is om kwaliteit onderwys, goeie bestuur en veiligheid van alle aandeelhouers te verseker.

____________________ ______________________

Handtekening van ouer: Datum:

## INHOUD

DOEL: 3
- Die gedragskode het ten doel om: 3
- Ten opsigte van leerders: 3
- Ten opsigte van onderwysers en personeel: 3

HOFLIKHEID: 3

MOTORVOERTUIE EN MOTORFIETSE: 4

PERSOONLIKE VOORKOMS: 4
- Ten opsigte van naels: 4
- Ten opsigte van juwele en persoonlike versorging: 5
- Ten opsigte van hare: 5

BUITE PERKE: 6
- Gedurende skoolure mag leerders nie: 6
- Gedurende pouses mag leerders nie: 6
- Na skool mag leerders nie: 6

BEWEGING GEDURENDE DIE SKOOLDAG EN TUSSEN PERIODES. 6

SKOOLGRONDE VERLAAT: 7

AANKOMS BY SKOOL: 7

EKSAMENS: 8

ALGEMENE REëLS: 8

DWELMMISBRUIK-BELEID 9

VERKOOP VAN GOEDERE-BELEID 10

DISSIPLINêRE AKSIES OM TE NEEM TEN OPSIGTE VAN DIE GEDRAGSKODE: 10
- Vlak1 Oortredings – Skool- en klaskamerbestuur 11
- Vlak 2 en 3 Ernstige oortredings: 13
- Nota: 16

## DOEL:

**Die gedragskode het ten doel om:**

- Te verseker dat leerders toegang het tot kwaliteit onderrigtyd.
- Vry voel om sy/haar opinie te lug wat vry is van vooroordeel van enige aard.
- Verseker ‘n veilige omgewing waar onderrig en leer kan plaasvind.
- Verskaf holistiese ontwikkeling vir die leerder.
- Te verseker dat alle leerders die skool se naam in ere hou ten all tye.
- Verseker respek vir eiendom, onderwysers en alle personeel ten all tye.

**Ten opsigte van leerders:**

Leerders sal die reg van alle leerders om te leer respekteer en sal dit doen deur:

- Nie klasse te ontwrig nie.
- Nie ander leerders se aandag van hulle werk te weg te hou nie.
- Respekteer die eiendom van ander leerders.
- Deur die onderwyser regverdige tyd te gee om te onderrig.
- Nie laat te kom vir klas nie, wat sal lei tot ontwrigting.

**Ten opsigte van onderwysers en personeel:**

Leerders sal die regte van alle personeel sowel as hulle posisie van outoriteit respekteer deur:

- Nie klasse te ontwrig nie.
- Nie laat te kom vir klas nie.
- Nie rommel te strooi nie.
- Nie vuil taal te gebruik nie.
- Respekteer die eiendom van onderwysers en personeel.
- Nie die eiendom van onderwysers en personeel te beskadig nie.
- Opdragte van alle personeel te gehoorsaam.

Leerders sal die volgende reels en regulasies uitgesit deur die Uitvoerende Bestuur van die Verteenwoordigende Leerderraad en die Beheerliggaam gehoorsaam.

## HOFLIKHEID:

- Leerders sal die hoof, adjunkhoofde, onderwysers, administratiewe personeel, terreinperoneel en dissiplinêre beamptes hoflik groet.  Leerders sal ook besoekers aan die skool met alle hoflikheid groet.

- Leerders sal enige hoofbedekkings (hoede) afhaal in die teenwoordigheid van personeel of besoekers aan die skool.
- Behandel alle besoekers en personeel met die respek wat hulle outoriteit verdien.

## MOTORVOERTUIE EN MOTORFIETSE:

- Enige leerder wat sy/haar eie vervoer gebruik moet toestemming kry van die hoof of sy/haar verteenwoordiger.
- Die leerder moet ‘n wettige bestuurslisensie toon of hy/sy sal nie toegelaar word om die perseel met die voertuig te betree nie.
- Enige leerder sal in die parkering parkeer soos aangedui die deur die verantwoordelike personeellid.
- Die skool sal Publieke Veiligheid in kennis stel indien ‘n leerder nie voldoen aan die reëls nie.

## PERSOONLIKE VOORKOMS:

- Leerders word gesien as deel van Wonderfontein wanneer:
  - Hulle skool bywoon.
  - By die skool is.
  - Die skool verlaat.
  - By skoolfunksies.
  - Wanneer die leerder die skool verteenwoordig op ander persele.
- Leerders sal volle uniform dra ten alle tye wanneer hulle gesien word as deel van die skool. Dit sluit die bogenoemde lys in.
- Leerders moet die reëls en regulasies wat uniform aanbetref gehoorsaam soos uiteengesit deur die Uitvoerende Bestuur van Verteenwoordigende Leerderraad en die Beheerliggaam.

**Ten opsigte van naels:**

- SEUNS:
  - Alle manlike leerders sal hulle naels kort hou teen die vingerpunte, Al die naels, geen vingernael mag langer wees nie.  Maak nie saak wat die seksuele oriëntasie van die leerder okal mag wees nie.
  - Geen cutex of naellak mag gedra word nie.  Ook nie deurskynende naellak nie.
  - Geen naelverlengings (nail extentions) mag aangebring word nie.
- DOGTERS:

    - Alle vroulike leerders moet hulle naels kort hou, alle naels moet dieselfde lengte wees, geen vingernael mag langer wees nie. Maak nie saak wat die seksuele oriëntasie van die leerder okal mag wees nie.
    - Geen cutex of naellak mag gedra word nie, behalwe deurskynende naellak. Geen patrone of ander "prentjies" mag aangebring word nie.
    - Geen naelverlengings (nail extentions) mag aangebring word nie.
    - In Graad 12 mag dogters 'n "French Manicure" hê, maar die naels moet steeds kort gehou word. Geen patrone of ander "prentjies" mag aangebring word nie.

**Ten opsigte van juwele en persoonlike versorging:**

- Geen juwele of armbande word toegelaat word nie, behalwe vir 'n polshorlosie of mediese armband.
- Geen halsnoer van enige aard sal toegelaat word nie.
- Geen ringe van enige soort nie.
- Geen oorbelle vir seuns nie.
- Slegs klein "knoppies" vir dogters.
- Geen sonbrille nie, slegs voorgeskrewe brille word toegelaat.
- Geen grimering word toegelaat nie.

**Ten opsigte van hare:**

- SEUNS:
    - Hare moet kort wees, nie langer as 3 sentimeter van die kopvel nie.
    - Geen patrone in die hare toegelaat nie.
    - Gevlegde hare moet teen die kopvel wees.
    - Geen poniesterte word toegelaat nie.
    - Haarkleur moet natuurlik wees.
    - Hare mag nie die kraag van die uniform raak nie.
    - "Dreads" of "corn" moet kort en in een rigting wees.
    - Geen baarde of snorre toegelaat nie, ook geen stoppelbaarde of "wolwange" nie.
    - Geen skoongeskeerde kante van die kop en lang hare bo nie.
- DOGTERS:
    - Lang hare moet in een poniestert agter die kop gebind wees.
    - Geen patrone toegelaat in die hare nie.
    - Haarkleur moet natuurlik wees.
    - Geen skoongeskeerde kante van die kop en lank bo nie.
    - Haarverlengings "Hair extentions" moet dieselfde kleur as die natuurlike hare wees.

- Indien die hare die kraag van die uniform raak moet die vasgemaak wees.

**NOTA: Al die bogenoemde regulasies vir Persoonlike voorkoms tel wanneer die leerder die skool verteenwoordig, asook oppad skool toe of an die skool af oppad huis toe.**

## BUITE PERKE:

**Gedurende skoolure mag leerders nie:**

- Buite die gronde wees nie.
- In die parkeerarea of die personeelparkering wees nie.
- Voor die A-blok wat straat toe wys wees nie.
- Op die sportgronde of pawiljoen wees nie.
- Tussen Blok-A en Blok B wees nie.
- By die terreinpersoneel se kwartiere wees nie.
- In enige stoorkamer of onder die pawiljoen wees nie.

**Gedurende pouses mag leerders nie:**

- Buite die gronde wees nie.
- In die parkeerarea of die personeelparkering wees nie.
- Voor die A-blok wat straat toe wys wees nie.
- Op die sportgronde of pawiljoen wees nie.
- Tussen Blok-A en Blok B wees nie, behalwe Graad 12's en slegs op die teerblad.
- By die terreinpersoneel se kwartiere wees nie.
- In enige stoorkamer of onder die pawiljoen wees nie.
- Op die boonste vlakke van die C-blok wees nie.
- Op die boonste vlakke van die B-blok wees nie.

**Na skool mag leerders nie:**

- Op die sportgronde wees behalwe vir oefeninge nie.
- Onder die pawiljoen wees nie.
- In die parkeerarea of die personeelparkering wees nie.

- Leerders mag nie die saal of die voorportaal betree sonder toestemming van 'n personeellid af nie.

## BEWEGING GEDURENDE DIE SKOOLDAG EN TUSSEN PERIODES.

- Leerders moet links hou wanneer hulle die trappe of stoepe gebruik om sodoende veiligheid en gladde klaswisseling te verseker.

- Leerders moet nie na die badkamer gaan tussen periodes nie en moet eers klas toe beweeg en dan toestemming kry van die onderwyser.
- Leerders mag nie in groot groepe bymekaarkom nie.

## SKOOLGRONDE VERLAAT:

- Leerders mag nie die skoolgronde verlaat gedurende skoolure, behalwe indien die ouer/voog telefoniese toestemming gegee, of vooraf geskrewe toestemming gegee het nie.
- Wanneerd leerders die skoolgronde verlaat na skool, moet alle leerders die gronde verlaat deur middel van die hek by Blok D – Tegniese Werkswinkels. Leerders sal verder die hek in Bloukransstaat gebruik.
- Leerders mag nie die gronde verlaat by die motorhek wat toegang gee tot die parkeerarea nie, ook nie die hek in die hoek nie.
- Leerders mag nie die gronde verlaat deur die kantoorblok nie.
- Die prensiep van "in Loco Parentis" (In plek van die ouer) val weg wanneer die leerder die perseel verlaat en die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir leerders wat die skoolgrond verlaat nie. Onderwysers op diens sal beskikbaar wees tot 14:30.
- Leerders sal die padreëls gehoorsaam wanneer hulle die perseel verlaat.
- Leerders sal hulle by die gedragskode hou ten alle tye wanner hulle die perseel verlaat.
- Leerders mag nie in besit van, of gebruik maak van, gevaarlike wapens, dwelms, sigarettee, e-sigarette, "vapes" of "hubbly's", alkohol of enige onwettige middels nie. Die reël geld vir 'n 400 meter radius om die skoolgronde gedurende of na skoolure.
- Leerders mag nie in besit van, of gebruik maak van, gevaarlike wapens, dwelms, sigarettee, e-sigarette, "vapes" of "hubbly's", alkohol of enige onwettige middels nie. Die reël geld op enige tyd buite die terrein en in uniform of waar die skool verteenwoordig word ter enige tyd.

## AANKOMS BY SKOOL:

- Leerders sal die terrein onmiddelik betree en die op die sypaadjie, in die straat of oorkant die straat ronddrentel nie.
- Leerders sal die terrein binnekom deur die hek in Bloukransstraat te gebruik. Die motorhek na die parkering is verbode, so-ook die hek in die hoek van die skool.
- Leerders sal inkom by die hek tussen Blok-B en Blok-C maar mag nie in die area rondstaan nie en moet onmiddelik na die teerblad tussen die saal en Blok-B beweeg.
- Leerders mag nie om die geboue beweeg voor skool wanneer hulle aankom nie.
- Leerders sal betyds wees en aankom voor 7:25 om die gladde verloop van die skool te waarborg.

- Laatkommers moet by die algemene kantoor aanmeld om ‘n brief te ontvang. Die leerders sal andersins nie in die klas toegelaat word nie.

## EKSAMENS:

- Leerders moet in die lokaal sit ten minste een uur voor die aanvang van die sessie.
- Leerders moet volledige uniform dra behalwe indien toestemming gegee deur die skoohoof of sy/haar verteenwoordiger.
- Geen gepratery word toegelaat nie, so-ook in toetse.
- Leerders mag nie die eksamenlokaal verlaat, behalwe in geval van ‘n ernstige noodgeval nie.
- Leerdes mag nie notas of boeke by hulle hê nie.
- Leerders handig voor elke eksamenvraestel sy/haar handboek vir die betrokke vak in, of loop die gevaar om geweier te word van die betrokke vraestel.
- Enige ongeruimdhede kan lei tot skorsing en ‘n punt van nul vir die toets of eksamen.

## ALGEMENE REëLS:

- Huiswerk moet volledig gedoen word en daar moet gehou word by die inhandigingsdatum.
- Werkboeke en handboeke/klasnotas moet elke dag by die skool wees.
- Leerders moet betyds wees vir klas. Leerders het 4 minute om van klas te verwissel; ‘n Klok kondig die einde van die vier-minuut tydperk aan.
- Leerders mag nie klas ontwrig nie.
- Leerders moenie praat in die klas sonder toestmming of as deel van ‘n klasbespreking nie.
- SBA take moet op datum ingehandig word.
- Leerders moet personeel respekteer en wegbly van arrogansie.
- Leerders moet klas bywoon – geen klasontduiking.
- Leerders mag nie agressie toon teenoor personeel of ander leerders nie.
- Leerders moet ten alle tye volledige uniform dra.
- Leerders mag nie opdragte van die Dagbestuur, DLR of VLR verontagsaam nie.
- Geen rommelstrooi in klas of op terrein nie.
- Leerders moet stil wees op die teerblad of in die saal gedurende opening.
- Geen kaartspel of dobbel word toegelaat nie.
- Leerders moet betyds wees vir skool, skool begin om 7:25.
- Leerders mag NIE ‘n selfoon of enige elektroniese toestelle gebruik vir musiek gedurende enige tyd in klastyd of tussen klass nie. GEEN luidsprekers sal toegleaat word by die skool ter enige tyd nie.

- Selfone mag gebruik word na skool of gedurende pouses sonder die gebruik van eksterne luidsprekers van enige aard. Geen eksterne luidsprekers word toegelaat nie.
- **Hoërskool Wonderfontein, sy personeel en die Beheerliggaam sal nie verantwoordelik wees vir enige skade of verlies vir enige rede van enige elektroniese toestelle soos selfone, luidsprekers, tablette, skootrekenars, I-pad's ens. nie.**
- Leerders moet seker maak dat hulle die korrekte klas bywoon, so-ook toesigklasse.
- Leerders moet stil bly gedurende alle toetse of eksamens en hulle by die reëls hou wat gegee word deur die toesighouers in die eksamen of toetslokaal.
- Leerders mag nie skooleiendom beskadig nie. Die sluit graffiti en/of geskryf op banke, mure, vensters, vloere of skooleindom in.
- Leerders mag nie die gladde verloop van die skool ontwrig deur enige vorm van water, waterbalonne, "crackers", plofbare toestelle of eiers te gooi of in hulle besit te hê nie.
- Leerders moet ten alle tye ordentlike gedrag ten toon stel. Onsedelike gedraf soos spoeg, urinering, ontklee ens. in uniform of in die publiek sal toegelaat word nie.
- Leerders mag nie aanrand, dreig met aanranding of in besit wees van 'n gevaarlike wapen nie.
- Leerders mag nie in besit wees van, of onder die invloed wees van enige dwelmiddel, alkohol, sigarette, e-sigarette, "vapes", of enige onwettige middel nie.
- Leerders mag nie steel of in besit wees van gesteelde goedere nie.
- Wonderfontein duld nie rassistiese aanmerkings, seksistiese aanmerkings of neerbuigende aanmerkings wat op ras, geslag of godsdiens gemik is nie.

## DWELMMISBRUIK-BELEID

Die is 'n uittreksel van die dwelmmisbruik-beleid van Hoërskool Wonderfontein.

- Leerders wat verdink word daarvan dat hulle onder die invloed van dwelms is of in besit van dwelms, ingesluit alkohol, is mag deursoek word deur die hoof of sy/haar verteenwoordiger. Leerders mag getoets word indien daar billike rede is vir verdenking van gebruik van verbode middels.
- Leerders wat positief toets vir enige dwelmmiddel moet 'n kursus voltooi by Khulisa of Sosiale Ontwikkeling om die misbruik te stop. Leerder mag tydelik geskors word.
- Indien die leerder aanhou om dwelms te gebruik sal hy/sy tydelik geskors word en 'n dissiplinêre verhoor kry.f
- Leerders wat gevang word dat hulle dwelms gebruik of rook sal onmiddelik tydelik geskors word vir 'n minimum van 3 dae tot en met 7 dae indien hy/sy dissiplinêr verhoor word.

- Leerders wat in besit betrap word sal onmiddelik tydelik geskors word vir ‘n minimum van 3 dae tot en met 7 dae indien hy/sy dissiplinêr verhoor word.  Die SAPS sal ingelig word.
- Leerders wat daarvan verdkink word dat hulle dwelmmiddels verkoop of gevang word dwelms verkoop sal vir 7 dae tydelik geskors word en ‘n dissiplinêre verhoor sal volg.  Die SAPS sal gevra word om baie streng op te tree teenoor die leerders.  Hoërskool Wonderfontein sal druk vir permanente skorsing uit die skool en vir ‘n kriminele klag om teen die leerder oopgemaak te word.

Die aksie geneem ten opsigte van die verkoop van dwelms of in die besig van dwelms is in ooreenstemming met die dwelmhandelbeleid.

## VERKOOP VAN GOEDERE-BELEID

- Daar sal geen bemarking, verkoop, verspreiding of stoor van goedere van enige aard binne die skoolgronde of binne 200 meter van die gronde plaasvind nie.
- Alle fondsinsamelings sal en moet deur die Beheerliggaam goedgekeur word.
- Dit dien om die leerders se veiligheid, gesondheid en welstand te beskerm.

## DISSIPLINêRE AKSIES OM TE NEEM TEN OPSIGTE VAN DIE GEDRAGSKODE:

Hoërskool Wonderfontein gebruik ‘n debiete stelsel om dissiplinêre situasies by die skool te hanteer.  Die leerder sit detensie wanneer hy/sy ‘n 100 debiete bereik.

Indien ‘n leerder nie detensie sit nie, moet hy/sy gemeenskapsdiens doen op die Vrydag uitgesit deur die skool.

Indien die leerder faal om detensie te sit of gemeenskapsdiens te doen, sal die leerder tydelik geskors word vir tot en met 3 dae.  Wanneer die leerder terugkom, moet hy/sy steeds die detensie sit.

Debiete en aksies volg op die volgende bladsy:

**Vlak1 Oortredings – Skool- en klaskamerbestuur**

| KODE | OORTREDING | DEBIETE |
|---|---|---|
| A | Swak poging met huiswerk. | 10 |
| B | Geen huiswerk / Geen werkboek by skool. | 10 |
| C | Geen handboek/klasnotas by skool. | 10 |
| D | Gekopieërde huiswerk. | 10 |
| E | SBA Taak nie gedoen nie of afgeskryf.<br>• Dit sluit laat inhandiging in. | 20 |
| F | Praat in klas / ongedissiplineerd.<br>• Dit behels ontwrigting op kleiner skaal en ook praat met ‘n mede-leerder. | 10 |
| G | Ontwrigting van mede-leerders..<br>• Wanneer die reg van ‘n mede-leerder ontneem word deur die leerder aanhoudend te pla. | 20 |
| H | Ontwrigting van die klas of les.<br>• Dit behels ontwrigting wat die les onderbreek en dit nie laat aangaan op ‘n billike manier nie. | 50 |
| I | Laat vir klas. | 10 |
| J | Klasontduiking.<br>• Wanneer ‘n leerder op die terrein is maar geen poging aanwend om klas toe te gaan nie.<br>• In die badkamer na die tweede klok gelui het.<br>• Op die trappe rondstaan en nie klas toe beweeg nie. | 20 |
| K | Uniform oortreding.<br>• Aanhoudende oortredings kan lei tot tydelike skorsing. | 30 |
| L | Voorkoms oortredings.<br>• Leerders sal aangesê word om enige juwele of armband te verwyder en weg te sit. – Eerste waarskuwing.<br>• Leerder sal gesê word om juwele/armband te verwyder en aan die onderwyser te oorhandig. Leerder kan dit terugkry aan die einde van die dag. – Tweede waarskuwing.<br>• Leerder sal dit verwyder en oorhandig en eers aan die einde van die week terugkry.<br>• Herhaaldelike oortredings kan lei tot stinger maatreëls.<br>• Hare en naels kry ook twee waarskuwings maar daarna word die leerder tydelik geskors indien hy/sy nie aan die waarskuwings gehoor gee nie.<br>• Baarde en snorre kry twee waarskuwings, daarna kan die leerder of by die skool skeer of tydelik geskors word. | 20 |
| M | Verontagsaming van opdragte van die VLR/DLR of Dagbestuur.<br>• Waar die opdragte billik en regverdig is. | 10 |
| N | Laat vir skool.<br>• Aankoms na opening sal gesien word as laat.<br>• Na 5 kere se laatkom in een maand sal die ouer/voog verwittig word.<br>• Daarna kan tydelike skorsing oorweeg word.<br>• Verseker dat jy by die kantoor aanmeld. | 10 |
| O | Dobbel of kaartspel. | 20 |

| | | |
|---|---|---|
| | • Die reël geld vir enige tyd gedurende die skooldag of in uniform. | |
| P | Ontwrigting van opening op die teerblad of saal. | 20 |
| Q | Rommelstrooi in die klas of terrein. | 20 |
| R | Verkeerde toesigklas. | 10 |
| S | Vandalisme – skryf van graffiti op tafels of in klas:<br>• Enige graffiti binne die klas of op die banke sal teen opgetree word.<br>• Die skool behou die reg om die leerder te maak verf, was, skrop of die oppervlak heel te maak.<br>• Indien dit die skool sal geld kos, sal die leerder en/of ouer/voog verantwoordelik gehou word vir die koste om die skade reg te maak. | 50 |
| T | Gebruik van ‘n selfoon/oorfone.elektroniese toestelle in klas.=<br>• Enige elektroniese toestel wat gebruik word sonder die onderwyser se toestemming sal geneem word.<br>• Die toestel sal die leerder se naam op kry en in die kluis ingeteken word.<br>• Die ouer/voog kan die toestel kom afhaal gedurende skoolure.<br>• Die leerder kan dit aan die einde van die maand terugkry. | 50 |
| U | Gebruik van enige eksterne luidspreker voor skool, na skool, pouses of gedurende skooltyd.<br>• Enige gebruik of besit van ‘n eksterne luidspreker of enige luidspreker sal sien dat die skool die luidspreker konfiskeer en dit hou tot die einde van die kwartaal of tot die ouer/voog dit kom afhaal. | 50 |
| V | Ontduiking van skool<br>• Wanneer ‘n leerder by die skool moet wees maar nie opdaag nie.<br>• Wanneer ‘n leerder meer as drie periodes op ‘n normale skooldag mis. | 100 |
| W | Rook van sigarette of in besit van sigarette.<br>• In teenwoordigheid van rokers.<br>• Waarsku/fluit vir rokers.<br>Let dat ‘n boete van tot R400 aan ‘n leerder uitgereik mag word wat in ‘n vertrek, onder ‘n dak of op trappe rook. Dit is in ooreenstemming met die anti-tabak beleid.<br>Let op: **Sigarette sluit in enige vorm van rook, e-sigarette, “vapes”, gerolde sigarette, “hubbly’s” ens.** | 100 |
| X | Arrogansie of agressie teenoor personeel of ignorering van personeellede. | 100 |
| Y | Gooi van eiers, waterbalonne of enige ander vorm van water. | 100 |

**Herhaaldelike oortredings van Vlak 1 oortredings mag steeds lei tot ernstige dissiplinêre aksie. Dit msg dissiplinêre verhore insluit maar word daartoe beperk nie.**

**Vlak 2 en 3 Ernstige oortredings:**

| KODE | OORTREDING | DISSIPLINêRE AKSIE |
|---|---|---|
| 1 | Opsetlike beskading van skooleiendom, ingesluit graffiti op mure,vloere, vensters. | Vier ure gemeenskapsdiens, betaling vir herstelwerk.<br>Kan lei tot tydelike skorsing. |
| 2 | In besit van gevaarlike wapens:<br>• Messe (enige grootte)<br>• Skerppunt skêre – stomppunt skêre is aanvaarbaar.<br>• Enige plofstof of plofbare toestel van enige aard.<br>• Enige vuurwapen of gasgedrewe wapen.<br>(Dit is in ooreensteming met die Suid-Afrikaanse Skoolbeleid se beskrywing van ‘n gevaarlike wapen.)<br>Die gebruik van klappers word hier ingesluit. | Enige leerder kan homself laat aanspreeklik hou vir ‘n dissiplinêre verhoor.<br>Die wapen(s) sal geneem word, die leerder tydelik geskors word op grond van die veiligheid van die ander leerders van die skool.<br>Die SAPS sal verwittig word. |
| 3 | Aanranding, dreigemente van aanranding, verbale aanranding.<br>• Aanranding van ‘n mede-leerder.<br>• Aanranding van ‘n personeellid.<br>• Ernstige aanranding.<br>• Poging tot moord.<br>• Moord. | Onmiddelike tydelike skorsing op diskresie van die graadvoog of adjunkhoof.<br>Dissiplinêre verhoor mag volg.<br>Die SAPS sal verwittig word. |
| 4 | Seksuele aanranding.<br>• Aanraking sonder toestemming.<br>• Enige seksuele aksie sonder toestemming.<br>• Verkragting. | Onmiddelike tydelike skorsing tot ‘n dissiplinêre verhoor.<br>Die SAPS sal verwittig word. |
| 5 | Enige seksuele aksie met toestemming.n<br>Seksuele aanraking met toestemming. | Onmiddelike tydelike skorsing en dissiplinêre verhoor. |
| 6 | Onsedelike gedrag – spoeg, urinering, ontkleding, drankebruik op eninge manier by die skool, verteenwoordig die skool of in skooluniform. | Kan lei tot tydelike skorsing en dissiplinêre verhoor. |
| 7 | Diefstal of in besit van gesteelde goedere. | Onmiddelike tydelike skorsing en dissiplinêre verhoor.<br>Die SAPS sal verwittig word. |
| 8 | Verlaat die skoolterrein sonder toestemming. | Tydelike skorsing mag volg op die oordeel van die adjunkhoof.<br>Ouers moet in kennis gestel word. |
| 9 | In besit van, of gebruik, onder die invloed van enige dwelmmiddel of alkohol.<br>• By die skool of in uniform.<br>• 400 meters from the premises.<br>• ‘n Funksie of skoolverteenwoordiging.<br>Die skool behou die reg voor om enige leerder se tas of persoon te deursoek ter enige tyd as daar billike rede hiervoor is.<br>ADDENDUM:<br>Dwelms is enige chemiese mengsel of | Onmiddelike tydelike skorsing.<br>Dissiplinêre verhoor.<br>Ouers/voogde word in kennis gestel.<br>SAPS word verwittig. |

| | | |
|---|---|---|
| | **onwettige middel or wettige middel wat gemeng word om 'n gevoel van euforie te skep, die persoon aantas of die persoon fisies in gevaar stel of sy/haar welstand in gevaar stel.** | |
| **10** | **Vernederende aanmerkings wat gemik is op ras, kleur, geloof of geslag.** | **Onmiddelike tydelike skorsing.<br>Dissiplinêre verhoor.<br>Ouers/voogde word in kennis gestel.<br>Moontlikheid dat SAPS verwittig word.** |

**<u>Vlak 1 – Oortredings – Skool – en klaskamerbestuur: Wangedrag</u>**

- Is nie in klas op tyd nie, ontduik klas, doen nie huiswerk nie, maak nie huiswerk klaar nie, voer nie billike instruksies uit nie, oneerlik met ligter gevolge.
- Voorbeelde van dissiplinêre akises vir wangedrag binne die klaskamer. – Uitgevoer deur die onderwyser.

1. Verbale waarskuwings.
2. Gemeenskapsdiens;
3. Debietpunte – soos aangedui in die gedragskode se debietpunt sisteem (Bl 11-13)
4. Addisionele werk wat konstruktief sal wees en moontlik sal help om wangedrag stop te sit. Kleiner onbelangrike take soos om klas skoon te maak of die terrein op te ruim.
5. Detensie waarin leerders, in hulle eie tyd, konstruktief besig is binne die klaskamer dws. hulle mag nie huis toe gaan of aan buitemuurse aktiwiteite deelneem nie.

**<u>Level 2 – Wangedrag deur die skoolreëls te verontagsaam</u>**

- Herhaaldelike wangedrag van Vlak 1 oortredings waar leerder nie ag slaan op die dissiplinêre stappe geneem deur die onderwyser nie.  Rook of in besit van tabak, verlaat die skoolterrein sonder toestemming, gebruik van beledigende taal, die klas te ontwrig, disrespek teenoor 'n ander wys, betrokke by kleiner tipes vandalisme soos graffiti, oneerlik met ernstiger gevolge.
- Voorbeelde van dissiplinêre aksies vir wangedrag wat die skoolreëls oortree. – Uitgevoer deur 'n hoër gesag soos die departementshoof of graadhoof.

1. Enige dissiplinêre aksie hierbo gelys.
2. Dissiplinêre onderhoud met leerder.
3. Gesprekvoering met leerder se ouers of voogde.
4. Skriftelike waarskuwing.
5. Teken van 'n kontrak waarin leerder belowe om te verbeter.

6. Verrigting van take wat die skoolomgewing verbeter soos opruiming, tuinmaak of administratiewe take.
7. Gemeenskapsdiens met bykomende tyd.

**Vlak 3 – Ernstige wangedrag of ernstige oortreding van die skool se gedrgskode.**

- Herhaaldelike oortreding van Vlak 2 wangedrag waar aksies deur die skoolbestuur oneffektief blyk te wees, om minder ernstige besering op ‘n ander persoon te veroorsaak, dobbel, ernstige klasontwrigting, rassistiese aanmerkings, seksistiese aanmerkings, diskriminerende gedrag, in besit van pornografiese, rassistiese of seksistiese materiaal, in besit van gevaarlike wapens, diefstal, vandalisme of oneerlikheid gedurende eksamen.
- Nota: Indien die hoof goeie rede het om te vermoed dat ‘n leerder dwelms, gesteelde goedere, wapens of pornografiese materiaal op die skoolterrein gebring het, mag die hoof of ‘n onderwyser die leerder deursoek. ‘n Persoon van dieselfde geslag moet die deursoeking privaat doen en die waardigheid van die leerder moet beskerm word.
- Voorbeelde van dissiplinêre aksies vir ernstige wangedrag uitgevoer deur die hoof of verwys na ‘n buite-agentskap vir berading.

1. Enige dissiplinêre aksies hierbo gelys.
2. Skriftelike waarskuwing van skorsing van skool.
3. Verwysing na ‘n sosiale werker of berader.
4. Gemeenskapsdiens, indien die provinsiale onderwysdepartement daartoe toestemming verleen.
5. Laat toe vir kriminele of siviele vervolging, gegewe die wangedrag is van kriminele aard.

**Vlak 4 – Baie ernstige wangedrag of baie ernstige oortreding van die skool se gedragskode.**

- Herhaaldelike wangedragvan Vlak 3 oortredings, waar dissiplinêre aksies oneffektief was, dreig van ‘n persoon met ‘n gevaarlike wapen, opsetlike liggaamlike skade te berokken aan ‘n ander persoon, verbale dreigement om die veiligheid van ‘n ander persoon te skaad, betrokke by seksuele teistering soos aanraking, betrokke by seksuele aktiwiteite, verkoop van dwelms, in besit van alkohl, dwelms of om dronk te wees of onder die ilvoed van narkotiese middels, die hele skool ontwrig soos byvoorbeeld die skool te boikot of ‘n plakkaat op te stel sonder toestemming wat staking insluit, ‘n handtekening vervals of dokumente vervals met ernstige gevolge.
- Voorbeelde van straf vir ernstige wangedrag. UItgevoer deur die hoof en die skool beheerliggaam in samewerking met die provinsiale departement van onderwys.

1. Enige van die dissiplinêre aksies hierbo gelys.

2. Verwysing van die leerder na ‘n privaat agentskap vir berading.
3. Aansoek by die provinsiale department van onderwys vir tydelike skorsig van alle skoolaktiwiteite.
4. Laat toe vir kriminele of siviele vervolging wat mag volg, gegewe die wangedrag van kriminele aard is.

**<u>Vlak 5 – Kriminele aksies wat nie net die skool se gedragskode oortree nie maar ook die wet oortree.</u>**

- Repitisie van Vlak 4 optrede, die intensie en optrede om ernstige fisiese beserings op ‘n ander persoon(aanranding) te bring, die intensie om ‘n gevaarlike wapen te gebruik en die gebruik, seksuele teistering, sexual abuse or rape, robbery, major theft, inbraak van ‘n geslote perseel., moord.
- Voorbeelde van dissiplinêre aksies vir kriminele wangedrag: Word uitgevoer deur die hoof en die skool beheerliggaam in samewerking met die provinsiale onderwysdepartement.

Aansoek bu die provinsiale onderwydepartement vir skorsing of verskuiwing van leerder na ‘n ander skool.

Laat toe vir kriminele of siviele aanklagte en vervolgings wat mag volg, gegewe die wangedrag is van kriminele soort.

**Nota:**

- Dit is die siening van die Beheerliggaam en die Skool Bestuurspan dat, sover moontlik, tydelike skorsings of skorsings ‘n laaste uitweg is. Leerders moet gelei word om hulle gedrag te verbeter en hulleself te bemagtig.
- Tydelike skorsing is ‘n tydelike oplossing. ‘n Leerder wat tydelik geskors word het self die verantwoordlikheid om sy/haar werk te kry, of take en toetse wat hy/sy gemis het gedurende sy/haar skorsingstydperk. Na aanleiding van die beleid word die leerder toegelaat om geskeduleerde toetse te skryf in ‘n aparte vertrek maar moet daarna die terrein verlaat.
- Baie belangrik: Dissiplinêre verhore kan lei tot permanente skorsing uit die skool. Skorsing word aanbeveel deur die Beheerliggaam se dissiplinêre komitee. Die komitee verwys die saak na die Hoof van die Departement van Gauteng Onderwys. Die skool se Beheerliggaam behou die reg om ‘n sewe dae tydelike skorsing uit te oefen, hangende die besluit van die Hoof van Gauteng. Die Beheerliggaam kan ook ‘n verdere sewe dae aanvra. In so ‘n geval word die leerder nie toegelaat om toetse te skryf nie en indien die

leerder toegelaat word om terug te kom, is dit die leerder se verantwoordelikheid om sy/haar werk te kry en te reël vir toetse met die betrokke onderwyser.

- Die leerder het die reg om appel aan te teken teen die besluit van die Beheerliggam binne sewe dae na die verhoor. Die leerder het ook die reg om appel aan te teken teen die beslissing van die Hoof van Gauteng binne sewe dae.

Opgestel deur Mnr JMD Beeslaar